TJOKKIE brokkies!

Uitgawe 2|3|2020

14 Aug 2020

Uit die kantoor..

Ek rapporteer graag dat die eerste week na die onverwagte vakansie goed verloop het. Die onderwysers is almal weer gesond en terug op hulle pos. Gr. 4 – 7-leerders is besig met assessering van afgehandelde werk en ons sal binnekort weet hoe dit met almal gegaan het. Baie dankie vir u geduld en samewerking dat ons vanaf 17 Augustus met Gr. 1 - 7-leerders (groep 1) normaal kan skoolgaan. Dit is reeds vroeër die week aan u gekommunikeer.

Let op dat kwartaal 3 uiters kort gaan wees, en sal strek van **11 Augustus tot 23 Oktober**. Leerders sal ook net elke tweede week by die skool wees wat veroorsaak dat kontaktyd met onderwysers beperk is. Die laaste week van hierdie kwartaal sal ook as 'n toetsweek dien. Presiese datums sal later verskaf word. Daarom doen ek 'n beroep op ouers om sover moontlik leerders skool toe te stuur en nie onnodig tuis te hou nie.

E-platform

Die Tjokkie-channel is weer toeganklik vir gebruik. Hou gerus die kanaal dop vir weeklikse werk volgens groepe wat geplaas sal word. Indien u onseker is oor werk wat gedoen moet word, voel vry om die betrokke personeellid te kontak vir hulp.

Klerebank

Die klerebank sal weer vanaf 17 Augustus op die normale tye oop wees: Maandae 07h30 – 09h00 en Vrydae 12h30 – 14h00.

Middagstudie

Middagstudie sal ook weer vanaf 17 Augustus oop wees soos vroeër berig. Neem kennis dat betaling nou via Karri gemaak kan word. Koste beloop R220 per maand.

Skoolgeld

Baie dankie vir die getroue inbetaling van skoolgelde. Dit bewys weereens dat Tjokkies toegewyde ouers het en ons het baie waardering daarvoor. Kontak die kantoor indien u 'n spesifieke reëling wil tref a.g.v. u omstandighede.

Feesjaar

Om in 'n groot FEESJAAR so in die *KAAL*voet geskiet te word deur 'n ou nare kiem, is vir niemand lekker nie. Al die lekkertes van feesitems wat ons as Tjokkie-familie saam kon geniet en gebruik is ook so half na die maan. Hierdie nare CORONA het soos 'n wafferse PACMAN aan almal, en ook Tjokkies, se finansies kom vreet.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Tog het ek die vrymoedigheid om aan ons ouers en leerders die uitnodiging te rig, om die feesitems wat ons nog hier het te kom opraap en iets te hou van hierdie vreemde FEESJAAR van ons geliefde Tjokkie Skool.

Stuur e-pos na bemarker@tjokkies.co.za vir navrae en ‘n pryslys en/of u bestelling.

Personeel
Graag wens ons die volgende personeel geluk met hul verjaarsdae die komende week:

17 Aug. Juf. Linda Vermaak (Gr. 4)
20 Aug. Liezl Boshoff (Admin)
23 Aug. Juf. Lianza Grobler (Gr. 3)
23 Aug. Juf. Celetia Reinders (Gr. 6)

Welkom terug aan Juf. Sariana van Vuuren na haar kraamverlof en ook welkom aan juf. Celetia Reinders by graad 6.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com